**BERGRIVIER MUNISIPALITEIT / MUNICIPALITY**

**VISIE:**

**Bergrivier: 'n vooruitstrewende gemeenskap waar almal wil leef, werk, leer en speel op 'n menswaardige manier.**

**VISION:**

**Bergrivier: a prosperous community where all want to live, work, learn and play in a dignified manner.**

**KERN WAARDES / CORE VALUES**

**We are all part of Bergrivier Municipality.**
**We render good services to ensure dignified living to all.**
**We are unashamedly pro-poor.**
**We believe in close innovative partnerships.**
**We believe in social and economic development of our area.**
**We care about our work and our colleagues.**
**We are disciplined.**
**We believe in ethical behaviour.**
**We believe in good relationships.**
**We serve with pride.**

# 2022: VOORTGESETTE POSITIEWE VENNOOTSKAPPE VIR 'N MENSWAARDIGE TOEKOMS

**NOTULE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING GEHOU OP DINSDAG 26 JULIE 2022 OM 09:00 IN DIE RAADSAAL, MUNISIPALE KANTORE, PIKETBERG**

**TEENWOORDIG:**

**LEDE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. R van Rooy | [DA] | : | Uitvoerende Burgemeester |
| Rdh. MA Wessels | [DA] | : | Uitvoerende Onderburgemeester |
| Rdh. A de Vries | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |
| Rdl. J Daniels | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |

**ANDER RAADSLEDE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. R Swarts | [DA] | : | Speaker |
| Rdl. A du Plooy | [DA] | : | Voorsitter van die Korporatiewe Dienste Komitee (Artikel 79) |

**AMPTENARE**

| | | |
|---|---|---|
| Adv. H Linde | : | Munisipale Bestuurder |
| Mnr. FM Lötter | : | Direkteur Finansiële Dienste |
| Mnr. JWA Kotzee | : | Direkteur Korporatiewe Dienste |
| Mnr. VW Felton | : | Direkteur Tegniese Dienste |
| Mnr. DA Josephus | : | Direkteur Gemeenskapsdienste |
| Mev. A van Sittert | : | Bestuurder: Strategiese Dienste |
| Mnr. W Wagener | : | Bestuurder: Beplanning en Omgewingsbestuur |
| Mev. N Bothma | : | Bestuurder: Uitgawes en Voorsieningskanaal |
| Mnr. D Carolissen | : | Bestuurder: Gemeenskapsfasiliteite |
| Me. C Ranna | : | Interne Ouditeur |
| Mnr. M Sheldon | : | Hoof: Kommunikasie |
| Mev. A Joubert | : | Omgewingsbestuursbeampte |
| Mev. V Willems | : | Klerk: Komitees |

***

**AKSIE**

**BKN020/07/2022**
**OPENING EN VERWELKOMING**

Die Voorsitter verwelkom almal by die vergadering, waarna hy 'n dagstuk van John Maxwell deel. Die Speaker open die vergadering met gebed.

***

**BKN021/07/2022**
**AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID**
**3/3/1/4**

Geen

***

**BKN022/07/2022**
**VERKLARING VAN BELANGE INGEVOLGE SKEDULES 7 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE)**
**3/3/1/6**

Die Raadslede en Amptenare verklaar individueel dat hulle geen persoonlike belange met betrekking tot die items op die agenda het nie.

***

**BKN023/07/2022**
**BEKRAGTIGING VAN DIE NOTULE VAN DIE VORIGE VERGADERING SOOS GEHOU OP DINSDAG 28 JUNIE 2022**
**3/3/2/2**

**BESLUIT**

Dat die notule van die vergadering, soos gehou op Dinsdag 28 Junie 2022, bekragtig word.

***(VK WILLEMS)***
***KLERK: KOMITEES***

***

**BKN024/07/2022**
**IMPLEMENTERINGSVERSLAG VIR UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEEBESLUITE: TERUGVOERING VANAF MUNISIPALE BESTUURDER EN DIREKSIE RAKENDE DIE BESLUITE GENEEM TYDENS DIE VORIGE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEEVERGADERING SOOS GEHOU OP DINSDAG 28 JUNIE 2022**

Die Direkteur Korporatiewe Dienste lei die item kortliks in.

**BESLUIT**

Dat kennis geneem word dat probleme ondervind word met die IMIS-6 stelsel en dat die Implementeringsverslag van die Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering, soos gehou op Dinsdag 28 Junie 2022, nie versprei kon word nie.

***

**BKN025/07/2022**
**EERSTE SAAK VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE: DINSDAG 28 JUNIE 2022: BKN064/06/2022 SELFOON- EN DATA BELEID**
**3/3/2/2**

Die Voorsitter rig 'n navraag insake die bestuur en toepas van data en minute wat kantoor gebaseerde amptenare ontvang teenoor die Raadslede en amptenare wat ten alle tye beskikbaar moet wees.

**BESLUIT**

1. Dat die item terugverwys word na die Korporatiewe Dienste Komitee vergadering vir verdere bespreking;
2. Dat die selfoon en datalys aan die Direksie versprei word ten einde hul te vergewis van die inhoud en dit te hersien waar benodig; en
3. Dat die item aan die Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering voorgelê word vir goedkeuring.

***DIREKTEUR KORPORATIEWE DIENSTE***

***

**BKN026/07/2022**
**KORRUPSIE EN RISIKO'S VIR BERGRIVIER MUNISIPALITEIT**
**12/2/2/21**

Die Interne Ouditeur gee kortliks terugvoer.

Die Munisipale Bestuurder, Direkteur Korporatiewe Dienste, Direkteur Gemeenskapsdienste bevestig dat geen nuwe gevalle van korrupsie en risiko's by hulle aangemeld is nie. Direkteur Tegniese Dienste meld dat twee gevalle onderskeidelik by die elektriese stoor en rioolwerke aangemeld is en dat dit ondersoek word.

Uiteenlopende insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**BESLUIT**

1. Dat die Direksie alle diefstalle en inbrake aan die Interne Ouditeur rapporteer ten einde dit op die register van ongerymdhede te plaas; en
2. Dat 'n aparte verslag voorgelê word met spesifieke verwysing na die diefstalle van munisipale eiendomme vir moniteringsdoeleindes.

***DIREKSIE***

***INTERNE OUDITEUR***

***

**BKN027/07/2022**
**VERKLARINGS / MEDEDELINGS DEUR DIE VOORSITTER, SPEAKER EN MUNISIPALE BESTUURDER**
**3/3/1/6**

Die Uitvoerende Burgemeester doen die volgende mededelings:

- Dat 'n oom in Wyk 4 sy 70$^{ste}$ verjaarsdag op Dinsdag 26 Julie 2022 (vandag) vier; en
- Dat die Direkteur Finansiële Dienste, mnr. FM Lötter, se laaste werksdag Vrydag 29 Julie 2022 sal wees en bedank hom vir sy goeie diens aan Bergrivier Munisipaliteit en die publiek en wens hom asook sy gesin sterkte toe met hul toekomsplanne.

Die Munisipale Bestuurder doen die volgende mededelings:

- Dat die Direkteur Finansiële Dienste op Woensdag 27 Julie 2022 verjaar en dat dit sy laaste Uitvoerende Burgemeesterskomitee vergadering is wat hy bywoon; en
- Dat die Administrasie Beampte: Strategiese Dienste op Dinsdag 26 Julie 2022 (vandag) verjaar.

**KENNIS GENEEM**

***

**BKN028/07/2022**
**ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS: TMT**
**3/3/1/5**

Die Direkteur Gemeenskapsdienste stel die afvaardiging aan die vergadering bekend, waarna mnr. Steenkamp die visuele voorlegging aan die vergadering voorhou.

Aanvullende inligting word gelewer deur mnr. Reynard Niemand vanaf Siyanda wat die rekonsiliasie van verkeersboetes doen.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede, met spesifieke verwysing na die gebrek van kommunikasie/kennisgewing vanaf TMT na die publiek in terme van uitstaande verkeersboetes.

Die Direkteur Gemeenskapsdienste meld dat hy gaan reël dat die Senior Staatsadvokaat, Mnr. Thinus van Der Vyf die Nasionale Direkteur van Openbare Vervolging, by die volgende Gemeenskapsdienste Komiteevergadering uitklaring gee rakende die verjaring en riglyne van afskrywing van verkeersboetes ouer as 18 maande.

***DIREKTEUR GEMEENSKAPSDIENSTE***

**KENNIS GENEEM**

***

***(Die Voorsitter bedank die afgevaardigdes, waarna hulle die vergadering verlaat om 10:36.)***

**BKN029/07/2022**
**MOSIES / VRAE**
**3/3/1/1, 3/3/1/2**

Geen

***

**BKN030/07/2022**
**EERSTE DRINGENDE SAAK VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER: MFMA SECTION 116(3) – PROPOSED EXTENSION OF THE ORIGINAL CONTRACT: TENDER 8/3/38 – 2019 (MN221/2019): HOUSING PROJECTS**
**9/1/2**

Die Munisipale Bestuurder lei die item kortliks in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede

**RESOLVED**

1. That Council **in principle** approves the amendment of the contract with CK Rumboll to allow for their appointment to do the contract supervision and project management for the housing projects in Eendekuil, Porterville and Piketberg, as well as the installations of the remaining services at the N7-project in Piketberg, and the bulk services for Piketberg and Porterville projects;

2. That Council takes note of the prescriptive provisions of Section 116(3) of the Local Government: Municipal Finance Management Act, 2003 (Act 56 of 2003) enabling local government institutions to amend contracts with service providers under certain conditions, being;

2.1 The reasons for the proposed amendment have been tabled in the council of the municipality;

2.2 The local community been given reasonable notice on the intention to amend the contract or agreement;

2.3 has been invited to submit representations to the municipality; and

3. That the administration be tasked with the duty to advertise and process the amendment in compliance with Section 116 (3) of the Municipal Finance Management Act and submit same to the Executive Mayoral Committee and Council after all legal processes have been complied with.

***

***(Die Bestuurder: Gemeenskapsfasiliteite verlaat die vergadering om 10:46)***

**BKN031/07/2022**
**<u>TWEEDE DRINGENDE SAAK VANAF DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER: UITSTAANDE KWESSIES</u>**
**9/1/2**

Die Voorsitter lei die item breedvoerig in en versoek dat die onderstaande kwessie by die onderskeie Staande Komitees bespreek moet word en dat terugvoer gegee word by die Uitvoerende Burgemeesterskomitee en Direksievergadering van Maandag 08 Augustus 2022.

- Kompostering -Die Proses Vorentoe;
- Die Toekennings van Stalletjies;
- Begraafplase: Noordhoek & Piketberg (Trajekte Kamp);
- Voetpad in Velddrif (MIG Projek); en
- Watsonia Sportgronde (Piketberg)

***MUNISIPALE BESTUURDER***

**<u>BESLUIT</u>**

Dat die Portefeulje Voorsitters tesame met die Direkteure die kwessies by die onderskeie Staande Komiteevergaderings bespreek en terugvoer gee by die Uitvoerende Burgemeesterskomitee en Direksievergadering van Maandag 08 Augustus 2022.

***

**BKN032/07/2022**
**<u>2021/22 QUARTERLY BUDGET AND PERFORMANCE REPORT FOR QUARTER 4: 1 APRIL – 30 JUNE 2022 SUBMITTED IN TERMS OF SECTION 52(d) OF THE MUNICIPAL FINANCE MANAGEMENT ACT, 2003 (ACT 56 OF 2003)</u>**

**<u>RECOMMENDED: TO BE APPROVED BY COUNCIL</u>**

1. That the quarterly performance report for Quarter 4 (01 April - 30 June 2022) be noted;
2. That this report be read in conjunction with the Quarterly Budget Report which is submitted to Council in terms of Section 52(d) of the Municipal Finance Management Act, Act 56 of 2003; and
3. That it be noted that all information and figures contained in this report are provisional and may change pending the finalization of the Annual Financial Statements at the end of August 2022.

***

**BKN033/07/2022**
**UITKOMS VAN KENNISGEWING: BERGRIVIER MUNISIPALITEIT: VERORDENING MET BETREKKING TOT DIE GEBRUIKSONES VAN DIE BERGRIVIERMONDING ("BERGRIVIER MUNICIPALITY: BY-LAW RELATING TO THE BERG RIVER ESTUARY USAGE ZONES") EN DIE OOREENKOMS MET CAPENATURE**
**17/12/8**

Die Direkteur Korporatiewe Dienste lei die item kortliks in. Die Bestuurder: Beplanning en Omgewingsbestuur gee aanvullende inligting tot die item onder bespreking.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede met spesifieke verwysing na die uitdagings en nie nakoming van CapeNature se funksies.

**AANBEVELINGS: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD**

1. Dat kennis geneem word van hierdie verslag se inhoud en die verdere wysigings wat voorgestel word;
2. Dat in terme van Artikel 12(3)(b) van die "Local Government: Municipal Systems Act, 2000 (Act 32 of 2000)", die "Bergrivier Municipality By-law Relating to the Berg River Estuary Usage Zones" weer geadverteer word vir 'n tweede rondte van publieke deelname, weens substansiële wysigings wat na gelang van die eerste kennisgewing rondte aangebring moes word;
3. Dat die Raad hul vergewis van die probleme wat met CapeNature as diensverskaffer ervaar word; en
4. Dat afhandeling van die "'Memorandum of Agreement" (MOA) en die uitbetaling van die Hulptoekenning aan CapeNature 2022/23 terug gehou word, tot na afloop van 'n gesprek tussen CapeNature se Direkteur Mnr. Ernst Baard en CEO, Me Razeema Omar en 'n afvaardiging van Bergrivier Munisipaliteit ten opsigte van wetlike mandate ten einde te bepaal wat die onderskeie regeringsfere se verantwoordelikhede is ten opsigte van befondsing.

***

**BKN034/07/2022**
**DRAFT BERGRIVIER MUNICIPALITY COASTAL ACCESS LAND BY-LAW, 2022**

Die Direkteur Korporatiewe Dienste lei die item kortliks in. Die Bestuurder: Beplanning en Omgewingsbestuur gee aanvullende inligting tot die item onder bespreking.

**RECOMMENDED: TO BE APPROVED BY COUNCIL**

1. That Council take note of the content of the report, particularly the organisational capacity and financial implications;
2. That in terms of Section 12(2) of the Local Government: Municipal Systems Act, 2000 (Act 32 of 2000) Council give permission to proceed with coastal access land by-laws for Bergrivier Municipality, as per proposed Draft Bergrivier Municipality Coastal Access Land By-Law, 2022 attached to the report submitted;
3. That Bergrivier Municipality's intention to adopt the Draft Bergrivier Municipality Coastal Access Land By-Law, 2022 be advertised in terms of

Section 12(3)(b), read together with Section 21 and 21A, of the Local Government: Municipal Systems Act, 2000 (Act 32 of 2000) in order to allow the public an opportunity to make representations; and

4. That the Draft Bergrivier Municipality Coastal Access Land By-Law, 2022 and any representations.

***

**BKN035/07/2022**

**<u>OORWEGING VAN VERTOË TEN OPSIGTE VAN DIE BETALING VAN DIE ADDISIONELE BOUPLANFOOI: ERF 126, AURORA</u>**

**15/4/1**

Die Voorsitter lei die item breedvoerig in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer met spesifieke verwysing na die proses van Amnestie op alle strukture

**<u>AANBEVELINGS: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD</u>**

1. Dat die Raad die betaling van die addisionele Bouplanfooi: Erf 126, Aurora ten volle afskryf; en

2. Dat die Korporatiewe Dienste Direktoraat die delegasie met die korrekte kriteria, vir die afskryf van fooie gehef op bouplanne, aan die Direkteur Tegniese Dienste toewys en voorlê vir oorweging / besluitneming deur die Uitvoerende Burgemeesterskomitee en Raad ten einde toekomstige prosesse te bespoedig.

***

**BKN036/07/2022**

**<u>OORWEGING VAN VERTOË TEN OPSIGTE VAN DIE BETALING VAN DIE ADDISIONELE BOUPLANFOOI: ERF 2133, PIKETBERG</u>**

**15/4/1**

Die Voorsitter lei die item breedvoerig in.

**<u>AANBEVELINGS: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD</u>**

1. Dat die Raad die betaling van die addisionele Bouplanfooi: Erf 2133, Piketberg ten volle afskryf; en

2. Dat die Korporatiewe Dienste Direktoraat die delegasie met die korrekte kriteria, vir die afskryf van fooie gehef op bouplanne, aan die Direkteur Tegniese Dienste toewys en voorlê vir oorweging / besluitneming deur die Uitvoerende Burgemeesterskomitee en Raad ten einde toekomstige prosesse te bespoedig.

***

**BKN037/07/2022**
**OORWEGING VAN VERTOË TEN OPSIGTE VAN DIE BETALING VAN DIE ADDISIONELE BOUPLANFOOI: ERF 1932, PIKETBERG**
**15/4/1**

Die Voorsitter lei die item in.

**AANBEVELINGS: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD**

1. Dat die Raad die betaling van die addisionele Bouplanfooi: Erf 1932, Piketberg ten volle afskryf; en

2. Dat die Korporatiewe Dienste Direktoraat die delegasie met die korrekte kriteria, vir die afskryf van fooie gehef op bouplanne, aan die Direkteur Tegniese Dienste toewys en voorlê vir oorweging / besluitneming deur die Uitvoerende Burgemeesterskomitee en Raad ten einde toekomstige prosesse te bespoedig.

***

**BKN038/07/2022**
**OORWEGING VAN VERTOË TEN OPSIGTE VAN DIE BETALING VAN DIE ADDISIONELE BOUPLANFOOI: ERF 1597, PIKETBERG**
**15/4/1**

Die Voorsitter lei die item kortliks in.

**AANBEVELING: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD**

1. Dat die Raad die betaling van die addisionele Bouplanfooi: Erf 1597, Piketberg ten volle afskryf; en

2. Dat die Korporatiewe Dienste Direktoraat die delegasie met die korrekte kriteria, vir die afskryf van fooie gehef op bouplanne, aan die Direkteur Tegniese Dienste toewys en voorlê vir oorweging / besluitneming deur die Uitvoerende Burgemeesterskomitee en Raad ten einde toekomstige prosesse te bespoedig.

***

**BKN039/07/2022**
**OORWEGING VAN VERTOË TEN OPSIGTE VAN DIE BETALING VAN ‘N BOUPLANFOOI: ERF 2559, NOORDHOEK**
**15/4/1**

Die Voorsitter lei die item kortliks in.

**AANBEVELINGS: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD**

1. Dat die Raad die betaling van die addisionele Bouplanfooi: Erf 2559, Noordhoek ten volle afskryf; en

2. Dat die Korporatiewe Dienste Direktoraat die delegasie met die korrekte kriteria, vir die afskryf van fooie gehef op bouplanne, aan die Direkteur Tegniese Dienste toewys en voorlê vir oorweging / besluitneming deur die Uitvoerende Burgemeesterskomitee en Raad ten einde toekomstige prosesse te bespoedig.

***

**BKN040/07/2022**
**OORWEGING VAN VERTOË TEN OPSIGTE VAN DIE BETALING VAN DIE ADDISIONELE BOUPLANFOOI: ERF 283, LAAIPLEK**
**15/4/1**

Die Voorsitter lei die item kortliks in.

**AANBEVELINGS: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD**

1. Dat die Raad die betaling van die addisionele Bouplanfooi: Erf 283, Laaiplek ten volle afskryf; en

2. Dat die Korporatiewe Dienste Direktoraat die delegasie met die korrekte kriteria, vir die afskryf van fooie gehef op bouplanne, aan die Direkteur Tegniese Dienste toewys en voorlê vir oorweging / besluitneming deur die Uitvoerende Burgemeesterskomitee en Raad ten einde toekomstige prosesse te bespoedig.

***

**BKN041/07/2022**
**EUNOMIA COMPLIANCE REPORT: JUNE 2022**
**12/2/2/21**

Die Munisipale Bestuurder lei die item kortliks in.

**RESOLVED**

That the Executive Mayoral Committee take note of the monthly Eunomia compliance report for June 2022.

***

**BKN042/07/2022**
**NOTULES VAN DIE BODTOEKENNINGSKOMITEE VIR KENNISNAME**
**8/1/1**

Geen

***

**BKN043/07/2022**
**WYKSKOMITEES: KENNISNAME / BESPREKING VAN VERSLAE EN NOTULES**
**3/2/1/3**

Geen

***

***Die amptenare verlaat die vergadering om 11:49, waarna die Uitvoerende Burgemeesterskomitee, en die Munisipale Bestuurder die vergadering In-Komitee voortsit.***

**BKN044/07/2022**
**IN-KOMITEE: AANBEVELINGS EN VERSLAE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE VOORGELÊ VIR OORWEGING / KENNISNAME DEUR DIE RAAD: AANSTELLING VAN DIREKTEURE FINANSIËLE DIENSTE / HOOF FINANSIËLE BEAMPTE VIR BERGRIVIER MUNISIPALITEIT: OORWEGING VAN KORTLYS**
***(Die verslag vanaf die konsultant mnr. Roy Steele word ter tafel gelê – Bylae A)***

Die Munisipale Bestuurder lei die item breedvoerig in.

**BESLUIT**

Dat die voorgestelde kortlys soos vervat in **Aanhangsel C,** van die verslag goedgekeur word.

***

**BKN045/07/2022**
**IN-KOMITEE: BESLUITE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID EN ITEMS WAARVAN KENNIS GENEEM IS**

Geen

***

**BKN046/07/2022**
**IN-KOMITEE: NOTULES VAN DIE OPLEIDINGSKOMITEE SE VERGADERING VIR OORWEGING / KENNISNAME**

Geen

***

**BKN047/07/2022**
**IN-KOMITEE: NOTULES VAN DIE ARBEIDSFORUM SE VERGADERING VIR OORWEGING / KENNISNAME**

Geen

***

## *DIE VERGADERING VERDAAG OM 12:15*

DEUS EST VITA

*HIERMEE BEVESTIG EK DIE ONDERGETEKENDE DAT HIERDIE NOTULE SOOS BEKRAGTIG 'N WARE WEERGAWE IS VAN DIE VERRIGTINGE*

| | |
|---|---|
| ***VOORSITTER (UITVOERENDE BURGEMEESTER)*** | ***DATUM*** |

***